

## HOOFSTUK 1

### LEWENSBESKRYWING

#### JEUGJARE

Florence Louise Josephine Zerffi is op 20 Mei 1883 <sup>1</sup> in die St. Mary's Hospitaal, Norfolk Place in Paddington, 'n deel van Londen, Engeland, gebore <sup>2</sup>. Haar vader was William Douglas Zerffi en haar moeder Agnes Louise Zerffi (neé Beyer). Florence se herkoms was half Hongaars, half Duits. Sy was die derde van vyf kinders van die Zerffi-egpaar.

Sy het in 'n baie kunsbewuste huis grootgeword. Haar grootvader, die Hongaar, wat om politieke redes tydens die 1848-rewolusie na Londen gevlug het, het as kunshistorikus aan die South Kensington-museum gewerk. Florence se jonger broer, Billie, was 'n sanger en haar enigste suster, Beatrice, 'n pianiste. Beatrice was onder andere 'n leerling van Franz Liszt, wat homself nie te hooggeag het om die jong en onbekende musikante aan te moedig nie.

As belowende jong kunstenares het Florence wat in kunskringe as Zerffi bekend staan, haar eerste belangrike kunsopleiding aan die Tegniese Skool, Stockport, Engeland, ontvang <sup>3</sup>.

Haar vader, wat die eienaar van 'n hoedemakery in Londen was, het 'n tak van sy sakeonderneming in Berlyn besit. Die gesin het dus as gevolg van sakebelange na Berlyn verhuis <sup>4</sup>.

## BERLYNSE TYDPERK

Florence Zerffi het in Berlyn deeglike kunsonderrig ontvang. Sy het aanvanklik privaatklasse by prof. Georg Tippel bygewoon <sup>5</sup>. In Oktober 1906 het sy by die Königliche Kunstgewerbeschule in Berlyn vir vyf jaar, dit wil sê tot Junie 1911, as voltydse student ingeskryf. Gedurende hierdie tydperk het sy professionele opleiding in kuns ontvang <sup>6</sup>. Dit sluit in onderrig deur proff. Emile Orlik, <sup>7</sup> Otto Marcus <sup>8</sup> en Leo von König <sup>9</sup>, in lewende modelskilderwerk, veral die naakfiguur. Aan hierdie kunsskool het prof. Tippel haar ook geskool in portretwerk en kostuumskildering. Voorts het sy hier deeglike opleiding in letterwerk, perspektief, dekoratiewe ontwerp, botaniese tekenwerk en kunsnaaldwerk ontvang.

Vanaf 1908 tot 1910 het sy voltyds 'n kursus in die departementele klas vir dekoratiewe ontwerp en skildering onder prof. Emil Doepler jr., <sup>10</sup> vakdosent aan die Königliche Kunstgewerbeschule, deurloop. Hier het sy ex librisse, illustrasies, houtsneë, titelbladsye en advertensie-aanplakbiljette ontwerp. In hierdie tydperk het sy tydens 'n uitstalling in Portugal 'n diploma vir ex librisse ontvang. Sy is met 'n tweede prys bekroon vir 'n kompetisie wat die Kunstgewerbeschule in 1906 tot 1907 en 1908 tot 1909 uitgeskryf het. Teen die einde van haar akademiese jare, 1909 tot 1910, het sy 'n silwer medalje vir haar uitmuntende werk van haar majesteit, keiserin Friedrich, ontvang.

Toe Zerffi haar kursus voltooi het, het prof. Doepler haar 'n getuigskrif gegee waarin onder andere die volgende vermeld word: "She produced original work both in drawing and in fine and delicately coloured decorative flower paintings. All her productions are characterised by individuality and good taste" <sup>11</sup>. Zerffi se eindsertifikaat meld ook die volgende: "Her conduct and work were exemplary. She also designed exceedingly good bookplates and advertisement posters" <sup>12</sup>.

Tydens Zerffi se studiejare aan bogemelde kunsskool is sy toegelaat om kopieerwerk in die Kaiser Friedrich Museum in Berlyn te doen. Sy het dan ook dikwels die geleentheid gehad om lesings oor kunsgeskiedenis by te woon wat in die museum deur dosente van die Berlynse Universiteit aangebied is.

Hoewel Zerffi vandag hoofsaaklik as olieverfskilderes bekend is, het sy gedurende haar opleiding in Berlyn daarenteen selde olieverf gebruik. Sy het haar egter op alle vertakkings van die handelskuns toegelê. Dit is ongetwyfeld hierdie oefening en ervaring in haar studiejare dat haar tegniek in olieverf naderhand so goed ontwikkel is.

Die invloed wat haar Berlynse studies op haar gehad het, het haar verder daartoe genoop om 'n kunsopvatting te ontwikkel dat, as iemand eenmaal 'n deeglike opleiding in tekenkuns ondergaan het, hy aan homself oorgelaat kan word om te skilder. Hierdie standpunt het sy steeds in latere jare gehuldig, ook toe sy self kunsonderwys gegee het.

Zerffi en haar suster, Beatrice, het in Junie 1914 vir die eerste keer Suid-Afrikaners in Berlyn ontmoet: prof. Theo Haarhoff en sy vriend prof. Reinhard Kottich (in sy laaste jare professor in filosofie in Bloemfontein) wat albei in Berlyn gestudeer het. Prof. Haarhoff (1969b : ?) het self vertel hoe hulle 'n behoefte aan oefening gehad het. Deur bemiddeling van hulle Suid-Afrikaanse vriend, Raymond Wilcocks, wat ook daar gestudeer het, het hulle by 'n tennisklub aangesluit "waar ons in aanraking gekom het met Beatrice Zerffi en haar suster Florence. Ons het genoeglike ure met hulle deurgebring op die tennisbaan en ook aan hul ouerhuis" waarheen hulle vir etes uitgenooi is. Af en toe het hulle van Florence se skilderye te siene gekry. (Haarhoff 1969a : brief).

Prof. Haarhoff (1969a : brief) het verder meegedeel: "Alles het vlot geaan en toe kom die berig aan die begin van Augustus terwyl ons op die tennisbaan is dat die aartshertog in

Oostenryk vermoor is. Dadelik sê Kottich: 'O, dis oorlog!' En so het dit ook geword". Die Suid-Afrikaners was egter nie van plan om te roer nie. Aangesien daar egter 'n dame met die van Steenkamp in Berlyn was wat terug Suid-Afrika toe wou kom, het "ons besluit dat aangesien ek tog later na Oxford moet gaan vir studie, ek maar vir haar moet oorneem na Engeland terwyl daar 'n geleentheid was ... Vir mej. Zerffi (Florence) was dit nog moontlik om in Berlyn te bly en vir haar en haar suster (Beatrice) het ons heeltemal uit die oog verloor. In die tussentyd is Beatrice met Raymond Wilcocks in Berlyn getroud. "Teen die middel van die oorlog het mevr. (sic.) en dr. Wilcocks skielik in Londen opgedaag en Florence 'n tyd daarna" het prof. Haarhoff verder vertel (1969a : brief).

Zerffi is dus gedurende die Eerste Wêreldoorlog in 1916 uit Duitsland na Engeland gerepatrieer (Hillhouse 1968a : letter). Dit het geskied onder 'n skema wat ingestel is en waardeur Engelse en Duitse vroue, wat in vyandelike gebiede gewoon het, uitgeruil kon word. Omdat sy Britse nasionaliteit verwerf het, het dit haar te beurt gevall om na haar geboorteland gerepatrieer te word.

Terwyl sy in Engeland was, het sy besluit om Suid-Afrika haar tuiste te maak. Die rede hiervoor kan teruggevoer word na die feit dat Raymond Wilcocks, wat later rektor van die Universiteit van Stellenbosch geword het, se paaie gedurende sy studietyd in Berlyn met die twee Zerffi-susters gekruis het. Dr. Wilcocks en Florence het in Duitsland ooreengekom dat haar familie 'n sekere bedrag geld aan hom sou oorhandig wat hy, terug in Suid-Afrika, aan haar sou teruggee om haar sodoende 'n behoorlike lewensbestaan in die land van haar aanname te besorg. Hierdie plan is bedink om die probleem te oorbrug wat die uitruil van geld meegebring het tussen lande wat met mekaar in oorlog verkeer het. Dit is met ander woorde duidelik dat die belangrikste rede waarom Florence Suid-Afrika as haar domisilie gekies het, juis in die familieverband gesoek moet word, naamlik dat haar suster met 'n Suid-Afrikaner getroud was.

Zerffi het later self vertel: "Ek was teen daardie tyd bitter ongelukkig in Duitsland, want ek het gevoel ek het geen reg om gasvryheid te ontvang van 'n volk wat reeds op die rand van hongersnood staan nie. Maar ek twyfel tog of ek ooit na Suid-Afrika sou gekom het as omstandighede nie daar toe meegewerk het nie" (B.M.A. 1953 : 6 - 7).

Zerffi het dus as Britse onderdaan in Junie 1916 na Suid-Afrika gekom. Haar moeder en 'n huisbediende, wat as Nanny bekend gestaan het, het ook saamgekom om hier te kom woon (Dunt 1992 : interview).

## VOORHUWELIKSE TYDPERK IN SUID-AFRIKA (1916 - 1924)

Kort na Zerffi se aankoms in Kaapstad in 1916, het sy in Rosebank gaan woon waar haar woonhuis vermoedelik later ook as haar ateljee gedien het <sup>13</sup>. Hier het sy vir ongeveer anderhalfjaar gewoon (Scholtz 1981 : 12). Dit was geleë naby die ou kalkoonde wat mettertyd verdwyn het.

In daardie dae was Zerffi se pad nie met rose bestrooi nie en sy moes somtyds die noodsaaklike ontbeer. Ten spyte hiervan het sy egter deurgaans die oog vir die mooi dinge in die lewe behou. Toe 'n vriendin eenmaal 'n mooi bottel in haar huis opgemerk het, het sy gesê: "Ek het dit gekoop toe ek brandarm was, maar dit was so mooi, ek móes dit eenvoudig hê" (B.M.A. 1953 : 7).

Zerffi het heel gou, in 1916 reeds, lid geword van die S.A.S.A. (Suid-Afrikaanse Kunstenaarsvereniging) en het moontlik saam met die lede uitgestal <sup>14</sup>. Sy het egter uitgeskei toe sy bemerk het dat Edward Roworth (1880 - 1964) en Gwelo Goodman (1871 - 1939) met hulle geesgenote daar die oorhand gehad het. (Scholtz 1981 : 12; Berman 1970 : 261). Sy het dus betreklik vinnig vriende geword met die klein groepie belangrike kunstenaars en kunsliefhebbers in die Kaap, soos Nita Spilhaus (1878 - 1967), Ruth Prowse (1883 - 1967), Pieter Wenning (1873 - 1921), Moses Kottler (1896 - 1977) en D.C. Boonzaier (1865 - 1950). Hierdie mense het onderling mekaar bygestaan en ondersteun. Zerffi het byvoorbeeld Nita Spilhaus in 1918, tydens die groot griepepidemie verpleeg (Berman 1970 : 282).

Sy het ook bevriend geraak met mense in akademiese kringe en diegene wat 'n leidende rol in die openbare lewe in die Kaap gespeel het soos dr. Louis Herrmann, onderwyser, historikus en skrywer van ***A history of the Jews in South Africa from the earliest times to 1895***. Verder was daar A.Z. Berman, 'n intellektuele sosialis, aktief betrokke in die stroom radikale wat die ideale van die Russiese Revolusie van 1917 na

Suid-Afrika wou oorplant, ook spreker en lid van die Kaapstadse tak van die Industriële Sosialistiese Liga en leierfiguur van die Trade Union Movement. Dan was daar J. du P. Scholtz, later professor in Nederlands en Afrikaans aan die Universiteit van Kaapstad, navorser van die geskiedenis van Afrikaans en taalwetenskap, kunsliefhebber en skrywer. Hy was reeds in 1922, voordat hy vir verdere studie die eerste keer na Europa gegaan het, bekend met Zerffi en so ook met D.C. Boonzaier en Moses Kottler.

In die begin van die twintigerjare het Zerffi in Jeppe Chambers, Langmarkstraat gaan woon, volgens 'n mededeling van dr. Louis Herrmann (1969 : persoonlike mededeling). Prof. Scholtz (1981 : 12) het vermeld dat sy na 'n kamer en ateljee op die tweede verdieping van die Athenian Chambers aan Groentemarkplein verhuis het. Zerffi se eie aanplakadvertensie (Fig. A 1/1), wat tussen die versameling tekeninge in die Suid-Afrikaanse Nasionale Kunsmuseum in Kaapstad gevind is, bevestig hierdie adres in Kortmarkstraat 68<sup>15</sup>.

Tussen die jare 1920 en 1923 het Zerffi haar aandag hoofsaaklik aan grafiese werk gewy. In die bogenoemde klein aanplakadvertensie het sy soos volg gemeld: "Decoration and lettering for book and magazine pages, book and magazine cover designs, illustrations, bookplates, drawings, figure and landscape, poster designs." So het sy haarself heel gou by drukkers en uitgewers bevind.

As kunskenner het Zerffi voor 1924 belangwekkende artikels oor kuns en handwerk vir die Nasionale Pers, en veral vir **Die Huisgenoot** geskryf. Sy het ook heelwat illustrasiewerk vir die Nasionale Pers gedoen<sup>16</sup>. Haar betrokkenheid by **Die Huisgenoot** as kunsmedewerker kan tot sover as Desember 1919 teruggevoer word. Sy het 'n reeks van drie artikels, met die titel: "Oor die kuns om te meubileer" gepubliseer en haar eie sketse as illustrasies gebruik (1919 : 222 - 223; 1920 : 258 - 260; 1920 : 337 - 338). So het sy byvoorbeeld ook tekeninge vir **Die**

**Burger** en **Die Huisgenoot** gemaak, veral by verhale van beroemde Afrikaanse skrywers van die vroeë twintigerjare, soos J. van Bruggen (Ampie en Annekie), Leon Maré (Schoemansdallers) en Gustav Preller (Dalmanutha). Sy het in 1923 vir **Die Huisgenoot** die koppe of hofies van rubriek en artikels geïllustreer, byvoorbeeld "Oor boeke", "Ons Blom- en Groentetuin", "ACVV" en "Zuid-Afrikaansche Reisindrukken".

Die treffendste voorbeeld van haar illustrasiewerk word egter gevind in **Die Eensame Hoop**, 'n boek van die bekende Afrikaanse skrywer, C.J. Langenhoven, wat in 1922 verskyn het. Die tekeninge is van so 'n aard dat dit mooi by elke hoofstuk aanpas <sup>17</sup>.

Zerffi se bekende linosneeë is feitlik almal in 1920 gedoen <sup>18</sup>. Sy het voorts 'n hele reeks ink-, houtskool- en potloodsketse van Kaapstad gemaak, veral van die dokke, soos dit vanaf 1919 tot 1923 daar uitgesien het <sup>19</sup>. Van hierdie linosneeë en sketse het in **Die Burger** van daardie jare verskyn.

Zerffi was een van die stigterslede van die K-klub wat in 1922 in Kaapstad gestig is, omdat sy geglo het aan die saambind van 'n groep wat op kunsgebied saamhoort. Sy het saam met die lede van hierdie klub uitgestal (Record ... s.a. : 45). Geen gedetailleerde gegewens van haar verbintenis met die K-klub in die vroeë twintigerjare kon egter gevind word nie. Weinig besonderhede is in elke geval bekend in verband met die werksaamhede van die K-klub en selfs Berman (1970 : 152) het erken dat sy onsuksesvol was in die verkryging van inligting.

In Februarie 1923 het Zerffi saam met Ruth Prowse en Nita Spilhaus gespan en 'n uitstalling in die Ashbey-kunsgallery, Langstraat, Kaapstad, gehou. Hierdie uitstalling is die eerste waarvan definitiewe inligting van Zerffi se betrokkenheid by uitstellings beskikbaar is. Die uitstalling is van geskiedkundige waarde vir die kunsgeschiedenis, omdat hierdie drie vroue die baanbrekers vir vroue-kunstenaars in Suid-Afrika

was. Die uitstalling is beskou as treffend, van hoë gehalte en met 'n krag en frisheid wat 'n diep indruk nagelaat het. "Die werk van al drie kunstenaars was sterk, duidelik, ondubbelsinnig. Daar was weinig onsekers of peuterig kleinliks; nee, dit was massale trekke, ferm lyne, vaste kleure" (Drie Vroue-kunstenaars 1923 : 493). Zerffi se werk is beskou as totaal verskillend van dié van Prowse en Spilhaus. Sy "werk op massale wyse en in breë trekke ... Maar wat by haar die meeste tref, is die oorspronklikheid, ja soms die gewaagdheid van haar onderwerpe" (Drie Vroue-kunstenaars 1923 : 493).

In 1923 is Zerffi as kuratrise van die Michaelis-museum aangestel. Sy het Pauline Mary Thomas, die eerste hoof, wat in November van daardie jaar bedank het, opgevolg (Bax 1967 : 21) <sup>20</sup>. Die voorwaardes vir die aanstelling in hierdie pos het in daardie stadium nie meer verhoed dat Zerffi, met haar Duitse agtergrond, die betrekking kon aanvaar nie. Dit is interessant dat Nita Spilhaus in 1914 tydens die Eerste Wêreldoorlog graag die kuratorskap wou hê, maar as Duitser nie geskik geag is nie (Berman 1970 : 282).

Die werk verbonde aan hierdie belangrike en verantwoordelike pos by die Michaelis-museum het Zerffi se tyd so in beslag geneem dat daar maar weinig kans was om haar skilderkuns te beoefen. Om redes wat nie allerweé bekend is nie, wil dit voorkom of sy geen aangename herinneringe van haar werk aan die museum oorgehou het nie, behalwe die besondere feit dat sy haar lewensmaat daar ontmoet het <sup>21</sup>.

Vir die breë publiek het Zerffi se verbintenis met die Michaelis-museum groot waarde gehad. Die gewone man op die straat sou miskien nooit spontaan 'n besoek aan die museum bring nie. Deur middel van die skryf van 'n reeks artikels oor die kunswerke van die museum, het sy die publiek egter bewus gemaak, nie net van kuns in die algemeen nie, maar ook van die werke van 'n aantal groot Europese kunstenaars. Sy het in ***Huisgenoot*** breedvoerig geskryf oor Frans Hals (1923a : 16 -

18), oor Pieter Brueghel, die Ouere en Pieter Brueghel, die Jongere, Paulus Moreelse, Bartholomeus van der Helst, Hendrick Gerritsz Pot (1923b : 14 - 15), die Genre-skilders van die sewentiende eeu (1924a : 14 - 16) en die landskapskilders van die sewentiende eeu (1924b : 15 - 17).

## HUWELIKSJARE (1924 - 1929)

Florence Zerffi is in 1924 met Harry Stratford Caldecott (1886 - 1929) getroud. Hy is in 1886 in Suid-Afrika gebore. Hy het in 1912 na Parys, Frankryk, vir verdere studie in kuns vertrek en keer in 1923 na Suid-Afrika terug. Hy het na Johannesburg gegaan waar sy moeder nog woonagtig was en waar hy waarskynlik van voorneme was om hom te vestig. Hy het dadelik ontuis gevoel. Dit is begrypplik, want na meer as tien jaar in die brandpunt van die ontwikkeling van die moderne kuns, het Suid-Afrika vir hom op kunsgebied dood voorgekom, wat vir hom 'n groot teleurstelling was. Hy het dadelik planne beraam om Suid-Afrika vir goed te verlaat en sy moeder en suster, Gwen, sou hom vergesel. Laasgenoemdes het per trein van Johannesburg na Durban vertrek, en vandaar sou hulle per boot na Kaapstad gaan. Caldecott het egter per trein direk na Kaapstad gereis.

Op dieselfde dag van sy aankoms in Kaapstad, Dinsdag 20 Mei 1924, het hy die Michaelis-kunsversameling besoek en is daar om 15:30 aan die kuratrie, Florence Zerffi, voorgestel. Albei het voorheen 'n lang en eensame swerwersbestaan gevoer en het derhalwe dadelik tot mekaar aangetrokke gevoel. Zerffi was in daardie stadium reeds 41 jaar oud, terwyl Caldecott 38 was. Caldecott was oortuig dat hy in Zerffi, met haar sterk persoonlikheid, stabilitet sou vind.

Dieselde aand het hulle twee 'n opvoering van *The Merchant of Venice* bygewoon. (Scholtz 1970 : 11). Hulle volgende ontmoeting was op Donderdag, 22 Mei. Die volgende dag het hulle besluit om so gou moontlik te trou. Op 26 Mei 1924 is hulle in die Landdrostskantoor, Kaapstad met spesiale huwelikslisensie in die eg verbind <sup>22</sup>. Nita Spilhaus en ene mnr. E.D. Hackett, 'n Amerikaner wat tydelik in Kaapstad was, het as getuies opgetree. Toe Caldecott se moeder en suster met die boot uit Durban in Kaapstad aankom, het hy sy vrou aan hulle voorgestel en aan hulle bekendgemaak dat hy besluit het om nie na Parys terug te keer nie, maar in Kaapstad aan te bly.

Hierdie skielike stap het Caldecott se hele lewe feitlik oornag verander. Suid-Afrika se kuns is ongetwyfeld verryk deur die feit dat hy Zerffi so onverwags ontmoet het, want anders sou die Suid-Afrikaanse kuns miskien nooit die voorreg gesmaak het om hom as kunstenaar in die geskiedenis te verewig nie. Zerffi het dit self gepas soos volg uitgedruk: "I saved him for South Africa". (Zerffi Caldecott says ... 1956 : 9).

Ofskoon Caldecott na hulle troue sy intrek by Zerffi in die woonstel van die Michaelis-museum geneem het, wil dit egter voorkom of die egpaar 'n ruk daarna tydelik, vir 'n paar maande, in 'n ou winkelgeboutjie in Buitekantstraat gaan woon het, terwyl herstelwerk aan die Michaelis-museum gedoen moes word <sup>23</sup>.

Alhoewel Zerffi 'n permanente beroep gehad het en haar en Caldecott kon onderhou, het hy dadelik aan die werk gespring om ook vir homself 'n inkomste te verseker. Spoedig het hy, soos Zerffi reeds vantevore, illustrasiewerk vir die Nasionale Pers begin doen.

Caldecott het verder sy skrywerstalent begin inspan om artikels oor skilderkuns vir *The South African Nation* en *Die Huisgenoot* te skryf. Hy het eintlik die aktiwiteit om kunskritiese artikels te skryf by Zerffi begin oorneem. Oor 'n loop van agt maande het hy in 'n reeks artikels vir *Die Huisgenoot* onder die titel "Die onsekerheid van die moderne kuns" (1925a - 1925g), skilders soos David, Delacroix, Ingres, Renoir, Monet, Sisley, Signac, Cezanne en Gauguin bespreek. Hy het ook kunsrigtings soos die Impressionisme, Neo-Impressionisme en Kubisme krities betrags. Dr. R.W. Wilcocks (1956 : Speech) het gekonstateer: "In addition to being a painter he was a writer of great sensitivity for the preciser values of words and for the idiom and rhythm of language. Also on his writing he brought to bear a quick and clear intellect. His mind was essentially an open one, respective of the new, with no preconceived inhibiting ideas to cloud his judgements of men and events". Uit Caldecott

se eie herinneringe in Frankryk het hý geskryf oor byvoorbeeld Pablo Picasso wie hy self ontmoet het (1924b : 12). Verder het daar 'n artikel oor William Hogarth uit sy pen verskyn (1924c : 12). "Strat Caldecott was very widely read", het dr. Wilcocks (1956 : 2) verder aangevoer, "and his many years of residence on the continent of Europe further broadened his understanding of other and alien people". Dr. J.W. von Moltke (1961 : 61) het in 1961 weer laat blyk dat Caldecott die tydgees aangevoel het, want in 1923 was dit beslis nie vanselfsprekend om Picasso as betekenisvolle kunstenaar te begryp nie. Dr. Von Moltke het die redaksie van ***Die Huisgenoot*** juis bewonder dat hy sy taak as draer van die kultuur ernstig beskou het in 'n stadium dat artikels oor kuns nie met soveel geredelikheid geskryf en gelees is nie. Zerffi het dus ook 'n belangrike bydrae gelewer met die skryf van háár artikels. Dit is interessant dat sy wel nog in hierdie stadium gepubliseer het en byvoorbeeld oor die Impressionisme van die negentiende eeu geskryf het, naamlik oor Manet (1924c : 18 - 21) <sup>24</sup>. Hieruit blyk dit dat haar huwelik met Caldecott haar siening van die kuns verbreed het.

Caldecott en Zerffi het redelik gou besluit om gesamentlik uit te stal. Hulle het gevolglik 'n uitstalling gereël vanaf 23 tot 31 Januarie 1925 wat sonder openingsplegtigheid in die Ashbey-galery gehou is (Exhibition of ... 1925 : catalogue). Oor die algemeen was die perskritiek nie baie bemoedigend nie. So skryf W.R. Morrison (1925 : ?), kunskritikus van die **Cape Times** op 25 Januarie 1925: "The exhibition of the work of F. Zerffi and H.S. Caldecott ... may be interesting, but it is certainly disappointing. There is a curious air of unreality about it. To me it appeared as a record of pretention without performance. Neither artist appears to me to have painted with any conviction, and both seem to labour under the delusion that eccentricity covers a multitude of sins". In die gees van die tyd was Morrison se beswaar teen Zerffi se werk dat die landskappe glad nie realisties en eg vertoon nie.

Brander Wiles, kunskritikus van *Die Huisgenoot*, lewer egter gunstiger kommentaar oor die bekwaamheid van Zerffi as kunstenares en beweer selfs dat "iedereen wat belangstel in die ontwikkeling van die kuns in Suid-Afrika, seker die loopbaan van mnr. en mev. Caldecott (sal) volg" (Wiles 1925 : 11).

Die uitstalling was nie winsgewend nie. Caldecott het besef dat hy nie vir homself en sy vrou uit sy skilderwerk 'n bestaan sou kon verseker nie. Boonop was Zerffi se salaris by die Michaelis-museum totaal onvoldoende. Caldecott het dus besluit om ook in die joernalistiek 'n heenkome te probeer vind.

Slegs drie weke na Caldecott en Zerffi se uitstalling is hulle enigste kind, Oliver, op 22 Februarie 1925 in die Booth Memorial-hospitaal, Kaapstad, gebore <sup>25</sup>. Uit erkentlikheid vir die vriendskap wat die ginekoloog en verloskundige, dr. F.K. te Water Naude, aan die Caldecotts met die geboorte van die seun betoon het, het Strat kort daarna aan hom sy ongetekende en ongedateerde skildery Die Monumentstasie geskenk (Scholtz 1970 : 56). Terloops kan net genoem word dat Zerffi vroeër ook 'n skildery met die titel Monumentstasie, gedateer 1922, (Kat. C 1/1) geskilder het. Dit moes 'n ontwrigte tyd vir Zerffi gewees het, omdat dit huis toe was dat die gesin heen-en-weer tussen die Michaelis-museum en Buitekantstraat verhuis het.

Binne enkele maande van Caldecott se veblyf in Kaapstad het hy ook gemoeid geraak met die destydse Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens in Johannesburg in verband met die gebruik van sy sketse vir publikasiedoeleindes (1924a : letter). Hierdie stap was van ingrypende betekenis vir sy latere gesinslewe. Dit sou in 'n geringe mate die gesin finansieel ten goede te staan gekom het, maar meer nog, dit sou sy eie sowel as Zerffi se kunswêrelde verbreed.

Caldecott se oorspronklike idee het ingehou dat hy ekskursietreine met toeriste na vakansieoorde sou vergesel en terselfdertyd artikels oor hierdie plekke sou skryf en illustreer. So het hy reeds in April 1925 'n groep toeriste na die Suid-Westelike distrikte vergesel. Dit het uiteindelik, met behulp van sy neef, dr. W.A. Caldecott, geleid tot sy betrokkenheid by natuurbewaring in Suid-Afrika en sy reise na Oos-Transvaal. Hy het 'n opdrag van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens ontvang om as publisiteitsagent na Sabie te reis met die oog op die totstandkoming van 'n nasionale natuurreervaat. In Julie 1925 het hy Kaapstad vir dié doel vir die eerste keer verlaat op pad na Sabie. Hy was vir meer as drie maande uitsteding, dit wil sê vanaf 20 Julie tot 30 Oktober 1925.

In Augustus 1925 het Sir William Hoy, die algemene bestuurder van die Spoorweë Caldecott aan die natuurbewaarder, kol. J. Stevenson-Hamilton voorgestel. Kol. Stevenson-Hamilton was ingenome met Caldecott, want "he (Caldecott) contrived by enthusiasm and natural ability to acquire so complete an understanding and knowledge that he became, at a critical time, one of our most doughty and successful champions". (Stevenson-Hamilton 1952 : 206). Dit het daartoe geleid dat hulle intiem bevriend geraak het en later huisvriende geword het <sup>26</sup>. Zerffi het hierdie werk van Caldecott as publisiteitsagent, in 'n baie ernstige lig beskou en selfs, in sy afwesigheid, met sy korrespondensie gehelp - alles ter wille van die finansiële voortbestaan van haar gesin. Sy het onder andere aan Kol. Hoare op 7 September 1925 'n brief gerig waarin sy die koste verbonde aan die druk van Caldecott se sketse vir publisiteitsdoeleindes uiteengesit het. Onderaan die afskrif van die brief het sy 'n persoonlike briefie aan Strat gerig: "Dearest this is the copy of my letter to Colonel Hoare. On second thought I did not include the fee for the design - you must arrange that with them - but don't make it too small as you will have to trace the drawing for the printers & that all means work. I was so thankful to get your letter - but am too tired to write more

tonight. Will send photos tomorrow & a decent letter. All my love to you Stratles. I did not give the estimates for the smaller poster for they would be sure to go in for that and the big one is the only one to have to do any good. All. Love Zerffi" (1925 : letter).

Volgens Scholtz (1970 : 62) het Zerffi in 1925 'n aanplakbiljet vir die **The South African Nation** ontwerp het en kort daarvóór ook een vir **Die Huisgenoot**. Geen spore kon van hierdie kunswerke van Zerffi gevind word nie. Sy het verder in 1925 by die tydskrif, **Die Boervrou**, betrokke geraak en 'n skets vir 'n hofie vir 'n reeks artikels gemaak.

Caldecott het selfs tyd gevind vir 'n ekstra inkomstetjie deur hom te bemoei met die bewaring van die kultuurhistoriese erfenis van Suid-Afrika, naamlik die behoud van geboue en monumente. Hy het artikels oor die Kasteel geskryf vir **Die Huisgenoot** van Junie (1925e : 17) en Julie 1925 (1925f : 28).

Die daaropvolgende paar jaar kon Zerffi maar weinig skilder, want as moeder moes sy haar baba versorg. Om terselfdertyd kunstenares en huisvrou te wees, was feitlik onmoontlik, want sy het haar huiswerk sonder bediendes behartig. Dit was in daardie dae buitendien 'n uitsondering. Die klein Oliver kon later die bruinmense nie voor sy oë verdra nie. Boonop het Zerffi nog die veeleisende taak van kuratrise gehad en moes sy daar haar plek vol staan. Caldecott was ook vir lang tydperke uithuisig in Sabie en Zerffi moes alleen na die huishouding omsien en die mas probeer opkom.

Die talle besoeke wat Caldecott aan die Laeveld gebring het, was deel van die leidende rol wat hy in die stigting van die Nasionale Kruger-wildtuin gespeel het. In 1926 het die destydse Unie-Parlement die Wet op Nasionale Wildtuine aangeneem wat onder meer voorsiening gemaak het vir die verandering van die groot wildtuin in Oos-Transvaal in 'n "volkswildtuin", soos Caldecott self later geskryf het (1927c : 11). "He was one of

the protagonists of the sound development of the Kruger National Game Reserve in a form which has led to so much of its original fauna and flora being preserved notwithstanding the enormous influx of visitors in later years", het dr. Wilcocks jare ná Caldecott se dood geboekstaaf (1956 : 2).

In die middel van Januarie 1926 het die gesin vir ses weke met vakansie na Worcester gegaan. Hulle het tuisgegaan in Hugo Naudé (1869 - 1941) se huis wat Caldecott vir hulle te leen gekry het. Caldecott het hierdie tyd ook benut om met sy werk en korrespondensie voort te gaan <sup>27</sup>. Hy het heelwat korrespondensie en sketse gestuur aan die Suid-Afrikaanse Spoorweë om oor sy verbintenis met hulle te onderhandel. So byvoorbeeld rig hy 'n brief aan A. Tatlow, die bestuuder van die Spoorweë se publisiteitsdepartement, gedateer 29 Januarie 1926 (1926b : letter) en weer op 15 Februarie 1926, waarin hy onder andere sê: "I am spending a peaceful time here painting, and shall be sorry when we leave at the end of this month" (1926d : letter).

Zerffi het hierdie vakansie broodnодig gehad, want "Zerffi wanted a rest badly" skryf Strat op 14 Februarie 1926 aan sy neef, dr. W.A. Caldecott (1926c : letter). Terwyl sy met vakansie was, het Ruth Prowse as kurator by die Michaelis-museum waargeneem, volgens 'n brief (1926a : letter) van Worcester af wat hy gerig het aan "Dear Sir", gedateer 20 Januarie 1926.

In 'n brief van die prokureursfirma Walker, Lewis en Le Roux (1926 : letter), gedateer 9 April 1926, blyk dit dat die Caldecott-gesin beplan het om vir hulle 'n eie stukkie grond te koop. Die Kaapse Ontwikkelingsmaatskappy Bpk. het reeds in hierdie stadium ingestem tot oordrag van 'n erf by Melkboschstrand. Al wat in daardie stadium nog afgehandel moes word, was die deklarasie van die aankoper wat onderteken moes word. Geen verder korrespondensie oor hierdie aangeleentheid is egter gevind nie en die hele transaksie het waarskynlik deur

die mat geval.

Wat die produksie van skilderye betref, was 1926 nie 'n voorspoedige jaar vir Caldecott nie. Boonop het hy heelwat las met sy gesondheid begin ondervind. Dat hy vroeër in sy lewe reeds gesondheidsprobleme gehad het, het dit nie uniek gemaak dat hy siek begin word het nie <sup>28</sup>. Zerffi het hom egter in alle opsigte getrou bygestaan. Sy was sover moontlik behulpsaam in al Caldecott se onderhandelinge en werksaamhede. In 'n persoonlike brief aan Sir William Hoy, het hy (1926g : letter) geskryf: "As regards poster and publicity work in general, I would like to say frankly that I shall be very happy to undertake any that your Publicity Department care to give me, especially poster work. My wife, whom you met at Mrs Sauer's, has been specially trained in this work in Europe and I believe that we can between us do the Railways good service in this respect if we have the opportunity. What I should like would be to get sufficient work of this description to justify us in leaving the Michaelis Gallery, but for that one must be assured of a certain volume of work." Sir Hoy (1926 : letter) se antwoord in sy brief van 8 Julie 1926 was gunstig. Caldecott se kuns en literêre talente sal in aanmerking geneem word, maar hy meld niks van die feit dat Zerffi moontlik ook betrek sou kon word nie. Wat wel seker is, is dat een van die belangrikste kunswerke wat Caldecott later vir die publisiteitsafdeling van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens gelewer het, sy bekende kameelperdplakkaat is. Hierdie plakkaat het op talle stasies in Suid-Afrika gedien as advertensie vir die Nasionale Kruger-Wildtuin wat in die vooruitsig gestel is. Volgens Scholtz (1970 : 62) was Zerffi vir die letterwerk op die plakkaat verantwoordelik.

'n Groot inkomste het egter ontbreek en Zerffi se salaris wat sy by die Michaelis-museum ontvang het, moes in die nodige voorsien. Caldecott was egter bekommerd oor hulle posisie, want op 1 Junie 1926 skryf hy (1926f : letter) 'n brief aan W.A. (Arthur) Caldecott waarin hy melding maak van: "Under the

conditions of living I have here, with no studio and inadequate help for my wife, who has both the baby and the gallery to attend to, I find it almost impossible to give the time necessary to serious painting ... ".

Net 'n maand later skryf Caldecott aan 'n vriend van hom, H. Wolhuter, 'n wildbewaarder in die Wildtuin, die volgende: "We have to keep the position (sy vrou se kuratorskap van die Michaelis-museum) at present to live, though it is a great tie and prevents us from doing many things we wish. I am trying hard to get sufficient publicity work, either from the Railways or from the future Trustees of the National Park to justify her leaving this position" (1926h : letter; Scholtz 1970 : 17).

Ten spyte van die feit dat Caldecott sowel as Zerffi min tyd vir skilder gehad het, het hulle egter verskeie male saam uitgestal. Een so 'n geleentheid was saam met lede van die K-klub van 17 tot 24 April 1926. (Scholtz 1970 : 76). Hierdie uitstalling het plaasgevind in die Ontvangsaal, Stadhuis, Kaapstad. Die wyse waarop die lede hulle werke uitgetal het, was 'n "gedurfde nuwigheid" (Tentoonstelling ... 1926 : 6). Die heldergeel agtergrond waarteen die werke uitgestal is, was 'n skokkende verassing vir die publiek. Alhoewel dit vrolik vertoon het, is die werke van sommige skilders, soos Hugo Naude wat sagte skakerings gebruik het, van hulle skoonheid beroof. In 'n resensie (Tentoonstelling ... 1926 : 6) oor die uitstalling word pertinent genoem dat Zerffi twee skilderye vertoon het. Die een word beskryf as 'n dekoratiewe landskap van 'n donker berg ca. 1926 (Kat. C 1/2) en die ander een word Tuin op Worcester ca. 1926 (Kat. C 1/3) genoem. Melding word verder van laasgenoemde skildery gemaak dat dit ooreenstemming toon met 'n werk van Caldecott, naamlik Tuin, Worcester wat ook op die uitstalling vertoon is. "Dis baie belangwekkend om te sien hoe die twee kunstenaars hulle onderwerp gesien het", het die resensent geskryf. Die tuintafereel is vanuit dieselfde hoek geskilder. Dit is dus baie duidelik dat die skilderye waaraan hulle tydens hulle vakansie van Januarie tot Februarie

1926 gewerk het, hier uitgestal is. Scholtz (1970 : 64) was bewus daarvan dat Caldecott se Worcester-arbeid op hierdie uitstalling verskyn het, maar hy het nêrens gemeld dat Zerffi 'n soortgelyke skildery gemaak het nie. Waar Zerffi en Caldecott in ander gevalle dieselfde onderwerp gekilder het, het hy dit sorgvuldig aangetoon (Scholtz 1970 : 68). Zerffi se skildery kon ongelukkig nie vir katalogiseringsdoeleindes opgespoor word nie.

Verder het Caldecott (1926i : letter; Scholtz 1970 : 19) ook byvoorbeeld aan sy vriend, Harold Shunn, laat weet van 'n ander uitstalling: " We have a black and white show on in a week and Zerffi and I are both busy working for that". Hierdie uitstalling was van 16 tot 30 Oktober 1926 in die Nuwe Kunssaal, Langstraat 98, Kaapstad, gehou.

Caldecott, Zerffi en hulle seuntjie het gedurende Januarie 1927 na Clifton, Kaap, vir hulle somervakansie gegaan. Hulle verblyfplek was een van die strandhuisies met die naam "Secondtonone" (Scholtz 1970 : 20; Caldecott 1927a : letter). Alhoewel geen bewyse gevind kon word dat Zerffi daar geskilder het nie, is die moontlikheid nie uitgesluit nie. Sover vasgestel kan word, het sy en Caldecott maar altyd, waar hulle ook al vir 'n week of meer vertoef het, hulle skilderbenodigdhede saamgeneem. Van Caldecott is daar immers twee skilderye, naamlik Strand met bootjies, Clifton en Rotse, Clifton wat bewys daarvan is dat hý wel daar geskilder het.

'n Verdere geleentheid waartydens Caldecott sowel as Zerffi uitgestal het, was saam met lede van die K-klub tydens hulle jaarlikse uitstalling weer eens in die Nuwe Kunssaal, Langstraat in Kaapstad gedurende April 1927. Brander (1927 : 5) het die uitstalling geresenseer en was aangegegryp deur Zerffi se werk: "Wel, Florence Zerffi bring my byna altyd tot 'n stilstand in die beskouing van haar werk. Die wyse waarop Zerffi die stukkie natuur wat haar aangetrek het, vertaal en dan op die doek neerskryf, boesem my altyd belang in, hoewel

dit my nie altyd street nie". Sy het somber blou tinte gebruik wat amper swart is, maar die somberheid is van minder belang. Sy het 'n sterk gevoel vir komposisie en het daarin geslaag om 'n harmonieuze effek te skep. Hy maak spesiale vermelding van haar skets (waarskynlik in gemengde media) Kloofnek ca. 1927 (Kat. C 1/4). Vir Brander hou die omgewing iets anders in as vir Zerffi. Die Suidoostewind woed waarskynlik, die wit wolk hang oor die Apostels en tog word die gierende wind nie weergegee nie. Die atmosfeer is kalm en rustig. Brander spandeer die grootste gedeelte van sy kommentaar aan die werk van Zerffi en moes teen die einde erken dat hy te min ruimte gelaat het om oor Caldecott te skryf.

Intussen het Caldecott weer op 'n besoek na die Kruger Wildtuin vertrek. Hy het 'n artikel vir **Die Huisgenoot** van 12 Mei 1927 geskryf waarin hy van die ontstaan en probleme van die wildtuin vertel het. Op 'n bygaande foto het hy saam met Zerffi en twee klein leeutjies wat in die wildtuin gevang is, verskyn. Oliver, hulle seun, kon baie jare daarna, onthou dat Caldecott "my op sy skouers gedra het toe ons Transvaal toe is om wat nou die Kruger-Wildtuin is, te gaan besoek" (Viljoen 1991(?) : ?). Dit is egter nie seker hoe dikwels Zerffi later die Kruger Wildtuin, indien wel, besoek het nie. Uit haar brief (1930c : brief) later, wil dit eerder voorkom of sy nooit daar was nie.

In Oktober 1927 het die Caldecott-gesin weer met vakansie gegaan. Hulle het 'n hele maand by die warmwaterbron op Montagu, waar Caldecott heil vir sy gesondheid gesoek het, vertoeft. "The scenery is very wild and exceedingly interesting to a painter. Both Florence and I have done as much work as we could" (Scholtz 1970 : 20). Die vakansie was egter nie sonder teenspoed nie, want Caldecott het 'n hele paar ingewandstoevalle gehad. Klein Oliver was buitendien nog 'n hele week siek.

Caldecott en Zerffi het in Desember 1927 deelgeneem aan die uitstalling van die K-klub wat in 'n klein kamertjie op die

2073879  
329961

tweede verdieping van Waalstraat 16 gehou is (Kunstentoonstelling ...1927 : 5). Van die vyftig werke wat tentoongestel is, was agt van Caldecott en vyf van Zerffi. In teenstelling met die meestal swart en wit tekeninge van die ander kunstenaars, was dié van Zerffi kleurtekeninge. Die meeste lede van die K-Klub was op hierdie uitstalling verteenwoordig. Behalwe Caldecott en Zerffi, was die volgende persone ook lede: Ruth Prowse, Hugo Naude, Dorothy Barclay, H. Meyerowitch, M. Gill, Stella Chiappini, Dumond Field, Vera Storm, Margaret Spilhaus en 'n mev. Katzin. Met uitsondering van Ruth Prowse en Hugo Naude en miskien Dorothy Barclay, het die ander persone nie later buitengewone bekendheid verwerf of by die Nuwe Groep aangesluit nie. Dit kan dus begryp word waarom Caldecott en Zerffi saam met Ruth Prowse en Hugo Naude altyd by die uitstellings van die groep die aandag getrek het, want hulle werke was gewoonlik van hoër standaard as die ander.

In 1927 was Caldecott boonop ook lid van die Vlagkommissie wat deur die Regering benoem is om 'n ontwerp vir 'n nasionale vlag vir Suid-Afrika aan te beveel.

Vanaf Desember 1927 tot Januarie 1928 het Caldecott en Zerffi saam met die Eastern Province Society of Arts and Crafts, Arts Hall, St. George's Park, Port Elizabeth, uitgestal. Zerffi was met ses skilderye en Caldecott met vier verteenwoordig (Eastern Province .. 1927 : catalogue).

Na haar huwelik het Zerffi nog sporadies illustrasiewerk vir die Nasionale Pers gedoen en veral vir **Die Huisgenoot**. Haar twee besonder treffende voorbladtekeninge<sup>29</sup> van die vakansieuwtgawes van **Die Huisgenoot** van Desember 1926 en Desember 1927, moes beslis die leserspubliek se aandag meer as gewoonlik getrek het, omdat dit so 'n radikale afwyking was van dié met advertensieversierde buiteblaaise waarmee **Die Huisgenoot** destyds gereeld verskyn het. Sy het meteens 'n vakansiegees geskep, deurdat sy die see, die strand en spelende kinders as motiewe gekies het.

Caldecott se gesondheid het al hoe meer agteruitgegaan. Teen die einde van Januarie 1928 is dit nodig geag dat hy op 4 Februarie 'n operasie sou ondergaan (Scholtz 1970 : 21). Zerffi moes as kuratrise van die Michaelis-museum bedank, omdat haar eggenoot se toestand sorg gebaar het en haar volle aandag vereis het <sup>30</sup>.

In April, toe Caldecott ernstig siek was, het die gesin na die "koddige Hansie en Grietjie-huisie" in Kerkstraat, Carr Hill, Wynberg, verhuis (Fig. A 1/2). In hierdie oudtydse rietdakhuisie met sy grys mure en klein venstertjies met rooi luike en die naam "Hodie Mihi", het Zerffi gewoon totdat sy Suid-Afrika in 1956 verlaat het. As goeie vriendin van die Caldecotts, het Ruth Prowse 'n aansienlike aandeel gehad om hierdie huisie vir die Caldecotts te bekom <sup>31</sup>.

Aangesien Caldecott se gesondheid steeds agteruitgegaan het, het Zerffi en Oliver hom na Johannesburg vergesel. Hulle het die hele Julie van 1928 in Arcadiawoostelle 10, Sherwellstraat, Doorfontein, gebly om Caldecott in staat te stel om 'n spesialis te raadpleeg en X-straalbehandeling te ontvang. Vir die gesin was dit vanselfsprekend nie 'n aangename maand nie, omdat Caldecott veel pyn moes verduur en die behandeling tog nie geslaagd was nie (Scholtz 1970 : 21).

Zerffi het veel opgeoffer toe haar man se lyding op sy ergste was. Caldecott was by tye baie depressief en het selfs aan selfmoord gedink. In hierdie atmosfeer moes Zerffi kop bo water hou. Caldecott (1928 : letter; Scholtz 1970 : 21) het self geskryf: "I am suffering now, in so many ways, and most of all by the pain of poor Zerffi who has to watch me suffer ...".

Caldecott het, ten spyte van sy toestand, in die tussentyd so diep betrokke geraak by die bewaring van die natuurlewe, dat hy 'n Kaapse tak van die S.A. Vereniging vir die Beskerming van die Natuurlewe wou stig. Deur sy toedoen het dit gerealiseer en 'n vergadering is op 12 Februarie 1929 gehou. As sekretaris

het hy die meeste werk van die komitee verrig. Hy was somtyds egter so siek dat hy nie van die vergaderings kon bywoon nie. Hy moes kort voor sy dood die sekretarisskap bedank. Deur middel van hierdie komitee het hy, en later Zerffi ook, met dr. S.H. Skaife, wat in 1913 na Suid-Afrika gekom het, bevriend geraak <sup>32</sup>.

Op 9 Julie 1929 moes Strat 'n verdere operasie ondergaan met die komplikasies van peritonitis daarna. Op 5 Oktober 1929 was hy nog so swak dat hy slegs kon hoop om in 'n rolstoel buitentoe te gaan. Hy het aan Kol. Stevenson-Hamilton geskryf: "Here at home the fistula has healed to a scar and in spite of the misery of a colotomy opening and a tube to the bladder, I am slowly strengthening" (Scholtz 1970 : 23).

Uit sy korrespondensie blyk dit dat Oliver vir Caldecott veel beteken het. Verder het Caldecott groot waardering gehad vir Zerffi se opofferinge. "She looks very tired and overworked as indeed she is," het hy aan Kol. Stevenson-Hamilton geskryf, "for I still need much waiting upon by day - we have a night nurse. And there are an infinity of things for her all day with the household, the son and her lessons which she takes, as all, very seriously. Fancy, with it all she works like that, without a murmur, making a cheque every quarter and never an unnecessary penny for herself. She sews for the boy and herself at every moment and is even inclined to neglect her clothes too much, which is bad policy. But what a thoroughbred. She makes me feel very poor stuff" (Scholtz 1970 : 23-24).

Op 15 November 1929, minder as 'n maand voor sy dood, het hy weer aan Kol. Stevenson-Hamilton geskryf: "All is now so uncertain from day to heavy day. But I think my load is lighter than yours (Kol. Stevenson-Hamilton se siekte en probleme met die Parkeraad) since I have my Florence to help me bear it" (Scholtz 1970 : 23).

Op 21 November 1929 het Zerffi (1929a : letter) haar absolute wanhoop oor Caldecott in 'n brief ook aan Kol. Stevenson-Hamilton uitgestort: "Strat is very ill, the fistula has broken out again. It is all so hopeless, so heartbreaking oh, that there should be such suffering in the world! My poor, poor Strat, he makes such a brave fight, he is the admiration of everybody - but what days of agony. He hardly sleeps, last night he slept for 1½ to 2 hrs and he hardly sleeps in the day either. What can one do to help him. Dr Kruger told the sister that he does not think it can go on for much longer, if only he did not suffer so. He can hardly bear to see Sunnyboy (Oliver). It hurts him so. He cannot enjoy anything any more, five, ten, or 15 minutes conversation and he is done for".

Na 'n uitmergelende lyding is Caldecott uiteindelik op 12 Desember 1929 in sy huis oorlede <sup>33</sup>. Net 'n intieme vriend wat met die laaste reëlings gehelp het, was teenwoordig toe hy in Plumstead, Kaapstad, begrawe is <sup>34</sup>. Zerffi het ook die versoek van Caldecott getrou uitgevoer dat geen vertoon by sy begrafnis gemaak moes word nie. Die graf word vandag inderdaad slegs deur 'n hopie grond met 'n nommer daarby aangedui.

In retrospeksie gesien kan met prof. Wilcocks (1956 : speech) saamgestem word dat, ten spyte van Caldecott se bedrywige lewe, sy uithuisigheid en sy siekte "only Strat Caldecott himself would have been able to say how deeply his life and art were influenced by his wife. There is, however, no doubt that his home life and his life as an artist were intimately interwoven in many ways. He was deeply attached to his family, was a dutiful son and a devoted husband and father".

Dat Caldecott en Zerffi tydens hulle huwelik ware kamerade was en mekaar ten volle aangevul het, is beslis nie te betwyfel nie. Daarom is dit begryplik dat sy heengaan vir haar 'n onherstelbare verlies was. 'n Skrale vyf dae na sy afsterwe het sy 'n brief (1929b : letter) aan Kol. Stevenson-Hamilton geskryf, waarin sy haar hartseer en gemis oor Strat te kenne

gegee het: "As yet I hardly know where I am. I can hardly believe that Strat is not with one, will never need me any more in this world. Sunnyboy suffers with me and has already realized the truth. It is for him that I suffer most - such happiness as we had together has to be paid for heavily, but why, oh why, should Oliver be robbed of such a father? Forgive me if I do not write more - I cannot bear to think of the suffering from which Strat is now released".

Gedurende die korte vier en 'n half jaar van hulle getroude lewe, het Zerffi haar eie kunswerksaamhede as beroep en tydverdryf op die agtergrond geskuif. 'n Treffende getuenis van selfopofferende liefde is dat sy geen kuns beoefen het toe Caldecott so 'n lyding moes verduur het nie. Sy het tydens sy lewe "haar daarvoor beywer om Caldecott as kunstenaar erken te kry, omdat sy in hom geglo het en omdat haar besondere betroubare, eerlike en objektiewe oordeel (waaroor haar vriende nog met warme bewondering praat) haar nooit mislei het nie. Dit was die dryfkrag van Florence Zerffi wat die naam van haar onbekende eggenoot meer en meer onder die aandag gebring het. Aan die sieklike Caldecott, die dromer en digter wat dikwels neerslagtig kon word, het sy selfvertroue gegee en aanmoediging om met sy kuns voort te gaan" (Beskeie Suid-Afrikaanse ... 1957 : 2).

## JARE VAN WEDUWEESKAP IN SUID-AFRIKA (1930 - 1956)

Dit is begryplik dat 'n persoon se normale wêreld, ná die afsterwe van 'n geliefde, vir 'n tydperk heeltemal tot stilstand sal kom. Zerffi het baie oor Caldecott getreur. So het sy (1930a : brief) aan Kol. Stevenson-Hamilton op 16 Januarie 1930 vanaf die adres Ocean View Hotel, Hermanus geskryf: "I have not been able to write since I last wrote to you, in fact I have hardly been able to do anything. My mother-in-law and sister made me come away with Sunnyboy to Hermanus; we shall be here until the 26 th of this month. The change is certainly doing Sunnyboy a lot of good he was very upset, for he seemed to feel the change in our lives very much. I am so looking forward to seeing you, you will be coming in February? I feel so puzzled, so tortured - and I only feel at rest with Strats intimate friends, with those who really understood him".

Sy was egter ook bekommern oor die onafgehandelde sake van Caldecott in verband met die S.A. Vereniging vir die Beskerming van Natuurlewe en het haarself in dieselfde brief aan Kol. Stevenson-Hamilton soos volg uitgelaat: "I am worried about the W.L.P.S. (Wild Life Protection Society) - Dr van Roojen ('n komiteelid) is going away for 6 months and they are looking for a secretary. They will be able to pay a secretary £15 a month for a few months and hope that he will get sufficient members to enable them to carry on. If only they get the right man. It looks as though I should have quite a lot of work to do - I teach at 2 schools and other work has been promised me. It will be good to be busy, but I am not feeling too ready for it - and I must make a start with it while I am here. Strat would have enjoyed doing the work that I have been offered."

Dit wil voorkom of die komitee van die S.A. Vereniging vir die Beskerming van Natuurlewe vir Zerffi as sekretaresse wou benoem, waarvoor sy baie lugtig was. In 'n verdere brief (Zerffi 1930b : brief) aan Kol. Stevenson-Hamilton het sy te

kenne gegee dat sy graag met Caldecott se werk sou wou voortgaan, maar dat sy haarself nie bekwaam genoeg geag het nie en ook nie van mening was dat dit 'n wenslike stap sou wees nie. Sy het dit baie duidelik gestel dat Caldecott se persoonlikheid, sy opregtheid en sy diep liefde, 'n entoesiasme by die lede laat ontwaak het en waarmee hy hulle weggevoer het. "If I let them make one Sec. they would lull their consciences with the thought 'his wife is doing the work' and they would become slack. I can do better work behind the scenes and I want them to put me on to the Committee" (Zerffi 1930b : letter).

Dat Zerffi na Caldecott se dood nog geïnteresseerd was in die aktiwiteite waarmee hy hom tydens sy lewe besig gehou het, is sonder twyfel waar. Haar droom het steeds gebly om tog net die Wildtuin, waarvoor Caldecott hom beywer het, te sien (Zerffi 1930c : brief). Dit het waarskynlik nie gerealiseer nie, want beskikbare inligting is vaag oor die feit of sy Oos-Transvaal ooit besoek het. Sy het egter stadigaan haar voete gevind: "I have got some work to do - and am making a greater effort to get back into life" (Zerffi 1930c : brief).

Ten minste drie maande na Caldecott se dood het Zerffi in meer as een opsig haar hartseer geken. Haar moeder, wat vir 'n jaar reeds siek was, het haar ook in Januarie 1930 ontval (Zerffi 1930b : brief). Die afsterwe van die ou dame was egter nie te onverwags nie, maar moes tog uit die aard van die saak Zerffi getref het.

Ten spyte van alles het sy so goed moontlik herstel en tussen die jare 1930 en 1956 was sy besonder bedrywig op kunsgebied. Sy het deeltyds kuns en kunswaardering aan verskillende Kaapse skole gedoseer, onder andere aan die Wynbergse Hoër Seuns en Meisieskool, die Hoërskool Rustenburg ('n Engelse meisieskool in Rondebosch), die Hoërskool Jan van Riebeeck, South African College School (waar sy vanaf 8 Februarie 1946 tot 30 Junie 1955 betrokke was) en St. Mary's Dominican Convent.

Veral vanaf 1931 het sy spesiale aandag aan leerlinge gegee om hulle vir die Matrikulasie- en Senior Sertifikaateksamens voor te berei. As kunsonderwyseres moes sy aansienlike invloed uitgeoefen het deurdat sy 'n blywende stempel van toewyding aan hulle taak en kennis van hulle vak op haar leerlinge nagelaat het.

Een van Zerffi se oud-leerlinge, die kunstenares Alice Elahi (1926 - ), wat aan die Rustenburgse Hoërskool in Rondebosch gematrikuleer het, het in die veertigerjare ná skoolure vir ongeveer twee jaar by Zerffi kunslesse geneem. Alice het vertel dat haar herinneringe aan hierdie klasse egter nie baie positief was nie en dat dit nie 'n besondere indruk of invloed op haar lewe gehad het nie (1993 : interview). Alice het onthou dat "we had lessons in a dark room of Charlies Hope House right at the back of the school gardens where Zerffi set up boring still lives. Maybe Zerffi's heart was not in it - she was not a stimulating teacher. I remembered her as a reserved and dumpy 'Mrs Potter' little woman without charm. She looked tired, because she had to travel by train. Life seemed hard for her. I was never turned in".

Nog 'n oud-leerling wat tussen 1939 en 1942 kunslesse van Zerffi aan die Rustenburgse Hoërskool ontvang het, Mev. Raine, is dieselfde mening toegedaan. Volgens haar subjektiewe mening (1969 : interview) was Zerffi nie juis baie hulpvaardig in haar onderrig nie. Zerffi het veral blomstukke as stillewe opgestel en die leerlinge dan oorgelaat aan hulle eie interpretasies. Sy het egter nie van fotografiese weergawes van die stillewens gehou nie. Mev. Raine het Zerffi gekarakteriseer as arme mens wat nie baie vreugdevol was nie. Sy was van mening dat Zerffi hierdie werk alleenlik om finansiële redes gedoen het.

Aan die ander kant het 'n derde oud-leerling, die skilder Johannes Meintjes (1923 - 1980), 'n hoë waardering vir Zerffi gehad. "Zerffi was 'n ongenadige onderwysers, maar deeglik soos min en ek het baie van haar geleer. Haar goeie smaak, vurige

opvattings, skerp kritiese sin en wye belesenheid sou my blywend beïnvloed, hoewel haar werk my koud gelaat het" (1963b : 80). Hierdie opmerkings kon hy maak, omdat hy in 1939 op 'n besondere wyse haar leerling geword het en haar deeglik leer ken het. As vyftienjarige het hy vanaf die distrik Molteno op die platteland saam met sy moeder, en susters na Kaapstad verhuis. As ingeskreve leerling aan die Hoëskool Jan van Riebeeck kon hy, deur vergunning van die skoolhoof, kuns as skoolvak neem. 'n Paar leerlinge aan wie hierdie vergunning toegestaan is, het kunslesse by Zerffi in haar ateljee in Wynberg ontvang. Zerffi het besef dat hy baie potensiaal gehad het, want sy het aangebied om hom kosteloos ekstra klasse te gee, wat niks met skoolwerk te doen gehad het nie. Sy het sy vordering krities gevolg (Meintjes 1963b : 80).

In haar huisie in Wynberg het Zerffi dus vir haarself 'n ateljee ingerig waar sy private leerlinge onderrig het. Ongeveer tien leerlinge op 'n keer het gereeld daar vergader om opleiding in kuns te ontvang. Sy het hoë eise aan haar leerlinge gestel. Elkeen by sy esel, het hulle hul geskaar rondom die model wat op 'n platformpie geposeer het. Nuwelinge moes sommer inval en die model teken, nadat hulle van duimdrukkers, tekenborde, papier en houtskool voorsien is.

Op haar rondte by die leerlinge het sy nooit hulle werk geprys nie, want sy het geglo dat lof niemand iets leer nie. Sy het eerder opbouende kommentaar gelewer en op 'n verstandige en duidelike manier het sy aan haar leerlinge die beginsels van goeie tekenkuns geleer. Sy het dit duidelik aan hulle gestel dat 'n potlood nie 'n wapen is nie, maar 'n instrument. Sy het ook die anatomie van die menslike liggaam sorgvuldig verduidelik: "Die mens se oog is 'n bal en hy lê in 'n holte van been waarin hy kan beweeg." Sy het die aandag op die beweeglikheid van die onderlid sowel as die bolid gevestig en het selfs 'n voorbeeld geskets om die studente duidelik te laat begryp wat sy bedoel (Meintjes 1963a : 163).

Net soos sysel self onderrig is, het sy ook haar leerlinge geleer, naamlik om eers te leer teken voordat hulle begin skilder. Met haar streng, vriendelike geaardheid en skerp kritiek, is sy nooit deur oppervlakkige sjarme bekoor nie. Sy het dan ook hierdie eienskap op haar leerlinge oorgedra en hulle geleer om eerlik en opreg in hulle werk te wees en nooit allerhande kunsies toe te pas om die gebreke in hulle werk te bedek nie. Sy het tereg opgemerk: "Wat 'n mens skilder, is 'n weergawe van jou karakter. As jy swak en oppervlakkig is, sal jou werk ook swak en oppervlakkig wees" (B.M.A. 1953 : 7).

Indien 'n leerling nie sy taak met toewyding onder haar leiding aangepak het nie, sou hy eerlank uitgesak het. Sy was alleen met harde werk tevrede. Indien haar leerling dus aan die standaard voldoen het wat sy gestel het, dan het hy by sy leermeesteres goeie vooruitsigte op sukses gehad. Sy het goed verstaan om die nodige leiding te gee en daar was dus geen geleentheid vir enige dwaalweë nie. Tereg het Johannes Meintjes (1963a : 168) in hierdie verband gekonstateer: "Deur middel van my kunsklasse het ek die sleutel gekry tot die opwindendste wêreld wat ek nog geken het, en Florence Zerffi was 'n goeie gids".

Haar voorligting aan haar leerlinge was nie slegs tot die werklike produksie van 'n goeie skilderstuk beperk nie. Sy het veel wyer en heelwat hoër gestreve. Die leerling se kritiese vermoë is geprikkel en ontwikkel sodat hy op selfstandige wyse sy mening aangaande die werk van ander kunstenaars kon gee en sy standpunt kon stel. Kortom, sy was gesteld daarop dat elke leerling oor 'n wye algemene kennis moet beskik indien hy sy plek onder ander kunstenaars wou volstaan.

Zerffi het ook vanaf 1930 meer tyd gevind om haar op haar eie skilderwerk toe te lê en het ook heelparty uitstellings in hierdie tyd, meer bepaald vanaf 1937, gehou. In die besonder was 1937 'n produktiewe jaar vir haar. Sy het in hierdie jaar twee skilderye aan die nuwe kunswinkel in die Martin Melck-huis

gestuur (Brander 1937b : 3). In November 1937 het sy vyftig stukke in die Argus-galery uitgestal (D.G. 1937 : 19; Simmers 1937 : 10).

In hierdie stadium was Zerffi met al die belangrikste Kaapse kunstenaars bevriend en het by almal hoë aansien geniet. Behalwe diegene wat sy in die vroeë twintigerjare reeds ontmoet het, het sy nou ook Charles Peers (1874 - 1944), Gregoire Boonzaier (1909 - ), Lippy Lipshitz (1903 - 1980) en later ook Maggie Laubser (1886 - 1973) onder haar wye persoonlike vriendekring getel.

In 1938 was Zerffi 'n stigterslid van die Nuwe Groep wat vir omtrent vyftien jaar 'n betekenisvolle kunsgroep in die Westelike Kaap was. Sy het 'n leidende rol in die bestuur, beheer en administrasie van hierdie kunsgroep gespeel. Sy het saam met hulle uitgestal en van tyd tot tyd in vergaderings van die Nuwe Groep gehou en administratiewe werk gedoen by Hodie Mihi, Zerffi se huis in Wynberg - 'n bewys van hoe diep sy in die groep se werksaamhede betrokke was <sup>35</sup>.

Gedurende die tydperk wat Zerffi saam met die Nuwe Groep uitgestal het, het sy ook haar eie eenmansuitstellings gehou. In Junie 1938 het sy byvoorbeeld 'n uitstalling van sowat veertig gekleurde tekeninge, olieverfskilderye van landskappe, bo en behalwe olieverfskilderye en pastelle van blomme, in die Huishoudkunde-gebou op Stellenbosch gehou. Brander (1938b : 10) het opgemerk dat haar werk "juweeltjies van vorm en kleur is".

In November 1942 het Zerffi 'n eenmansuitstalling in die Argus-galery gehou, waar 39 olieverfwerke en elf pastelle en waterverfskilderye vertoon is. Wat dadelik opgeval het, was die openhartige en versigtige werk, 'n refleksie van dinge wat gesien en belewe is deur 'n ernstige en sterk individuele persoonlikheid en veral die vakmanskap wat eerlik en deurdag was (Pictures by ... 1942 : 6).

Tussen 29 September en 13 Oktober 1944 het Zerffi weer 'n eenmansuitstalling gehou, dié keer by die Constantia Boekhandelaars, Stuttafords Kamers, Rissikstraat, Johannesburg (Catalogue of ... 1944 : catalogue). Sy was verteenwoordig deur 23 olieverfwerke en drie gekleurde tekeninge. Geen nadere inligting kon van dié uitstalling verkry word nie.

In Oktober 1945 het Zerffi self haar uitstalling in die Argus-galery geopen (Paintings by ... 1945 : catalogue). Met hierdie uitstalling van veertig skilderye het sy 'n hoë standaard van begaafdheid getoon (E.R.P. 1945 : 10).

Vroeg in 1949 het Zerffi 27 werke uitgestal in die Constantia-galery, Arop House 904, Von Brandis- en Kerkstraat, Johannesburg (Katalogus van ... 1949 : katalogus). Alhoewel sy minder bekend in Transvaal as in die Westelike Provincie was, het die pers haar goeie publisiteit gegee. Sy is vir daardie tyd beskou as 'n veelsydige, hoogs kwalifiseerde kunstenares (E.W. 1949 : ?; R.N.B. 1949 : ?). "Hoewel sy misskien nie so alombekend as ander van haar geslag soos byvoorbeeld Maggie Laubser, Nita Spilhaus, Freida Lock (1902 - 1962) of Irma Stern (1894 - 1966) is nie, mag ons nie toelaat dat sy as een van die oudste lede van die Suid-Afrikaanse kunswêreld, enigsins onderskat word nie" (Die Weekblad, 11 Februarie 1949 : ?).

'n Klein uitstallinkie van Zerffi se werk is in September 1949 in die Wynbergse Openbare Biblioteek gehou. Alhoewel klein in getal, het die dertien skilderye die aandag op die treffende sin vir die gebruik van kleur met 'n aansienlike effek in landskap- en blomstukke getrek. Dit is destyds betreur dat so min van Zerffi se werke tydens die afgelope paar jaar in die Kaap vertoon is (Florence Zerffi's ... 1949 : 9).

'n Volgende eenmansuitstalling van Zerffi het in die galery van die Suid-Afrikaanse Kunsvereniging in Kaapstad vanaf 14 tot 24 Februarie 1950 plaasgevind (Paintings by ... 1950 : 9).

Vanaf 17 tot 22 September 1951 het Zerffi saam met ander Kaapse kunstenaars, byvoorbeeld Gregoire Boonzaier, Nerine Desmond (1908 - ), Ruth Prowse en Maurice van Essche (1906 - 1977) by die Vrystaatse Kuns- en Kunsvlytvereniging in Bloemfontein, uitgestal (Uitstalling 1951 : katalogus). By hierdie uitstalling was daar vier Zerffi-skilderye te koop aangebied.

By die Rhodes-eeufeestoonstelling in die destydse Bulawayo in 1953, waar die geboortedag (1853) van Cecil John Rhodes herdenk is, is Zerffi slegs deur een skildery verteenwoordig (Three centuries ... 1953 : catalogue). Dit was die Portret van Harry Stratford Caldecott 1924 (Fig. A 1/3), wat goedgunstig deur die kunstenares aan die skou geleen is.

Sy het dieselfde skildery ook later, aan die einde van 1956, beskikbaar gestel vir die klein herdenkuitstallinkie wat van Caldecott se werke in die Suid-Afrikaanse Kunsmuseum in Kaapstad gehou is.

Dit is opmerklik dat Zerffi, alhoewel sy haarself hoog geskat het, nooit ná Caldecott se dood geprobeer het om haar eie skilderwerk op die voorgrond te stoot nie. Sy was egter somtyds onseker en bedroef. Die werke van haar eggenoot het die mure van haar sitkamer versier (Fig. A 1/4). Net een van haar eie skilderye het daar gehang en dit was die groot en meesterlike Portret van Harry Stratford Caldecott 1924 (Fig. A 1/3). Sy het haar hele lewe lank hierdie skildery as haar heel beste beskou. Omdat sy haar man na slegs 'n paar jaar van 'n gelukkige huwelik aan die dood moes afstaan, was dit asof sy hom, met sy werke aan die mure in haar huis, wou laat herleef. Haar eie skilderye het hoog en onopsigtelik in haar ateljee gehang en boonop was hulle met linnedoek bedek sodat dit nie haar leerlinge kon beïnvloed nie.

In haar huis kon bekendes sowel as vreemdelinge aanvoel dat hulle hier met 'n kunsmens te doen het. Binne-in die sitkamer was daar rondom die vertrek boekrakke met kosbare boeke. In die voorportaal het daar 'n pragtige vroeëbeeld van Moses Kottler (1892 - 1977) <sup>36</sup> gestaan en in die klein eetkamertjie het die twee oorspronklike tekeninge van Modigliani (1884 - 1920), wat Caldecott uit Parys na Suid-Afrika saamgebring het, gehang <sup>37</sup>.

Zerffi het toegesien dat haar enigste kind 'n goeie opleiding ontvang het. Hy was maar vier jaar oud toe sy vader oorlede is en derhalwe is sy hele opvoeding in die hande van sy moeder gelaat. Sy het hom ook leer skilder. (Viljoen 1991? : ?). Hy het nie alleen in 'n kunsbewuste huis grootgeword nie, maar het ook die talente van sy ouers geërf, naamlik om te skilder en te skrywe. Oliver het in die letterkunde aan die Universiteit van Kaapstad gestudeer. Die veertigerjare was maar vir Zerffi moeilike jare. Oliver se studies het heelwat eksra finansiële verpligtinge meegebring wat haar gedwing het om van Caldecott se skilderye, teen haar sin, te verkoop (Scholtz 1970 : 77).

Zerffi het ongeveer tussen die jare 1947 en 1951 gereeld Saterdae saam met May Hillhouse (1908 - 1989) uitstappies gemaak om te gaan skilder (1968b : letter). May Hillhouse het gesorg vir die vervoer en Florence vir die middagete. Of dit nou mooi weer of reënerig was, hulle het gewoonlik plekke in die omtrek van Kaapstad, wat redelik naby was, besoek. Heel dikwels het hulle Constantia en Kirstenbosch besoek, maar 'n paar keer het hulle hul in die lente of herfs na die Bolandse graanlande in die omstreke van Klipheuwel begewe.

Sy het gedurende die uitstappies van haar beste latere werk gelewer. Meestal het sy landskapskilderye gedoen, want haar blomstukke het sy geskilder wanneer sy by die huis gebly het. Zerffi het gewoonlik haar skilderye, net soos die Impressioniste in Frankryk, op die plek voltooi en net hier en daar 'n tikke verf bygevoeg as sy eers weer tuis is.

Gedurende die week was Zerffi so besig met leerlinge en kunsonderrig by skole dat hierdie piekniekskilderuitstappies vir haar besonder belangrik was. Soos sy ook self later getuig het: "My studio at Wynberg was always so full of boys and girls taking art classes that there was never as much time for painting as I would have liked" (Zerffi Caldecott says ... 1956 : 9).

Zerffi het ook somtyds in die nag geskilder soos haar nagstraattonele en blomstukke uit hierdie tydperk van haar lewe getuig. Sy het egter die nagtonele meestal by haar huis gedoen en nie ver vir onderwerpe gaan soek nie.

Tot en met 1956 het Zerffi 'n volheid en rypheid in haar kuns ontwikkel. Sy het presies geweet wat sy met haar skilderwerk kan bereik en waarheen sy daarmee op pad was. As ervare kunstenares het sy op vier-en-sewentig jarige leeftyd gevestigde idees oor die kuns gehad en was sy 'n dame met deurdagte en besliste opvattinge.

## LONDENSE TYDPERK (1957 - 1962)

Zerffi het uiteindelik besluit om Suid-Afrika, na 'n vrugbare veertig jaar waarin sy in Kaapstad gewoon en gewerk het, vir goed te verlaat. Sy wou graag die laaste jare van haar lewe by haar enigste kind, Oliver, en sy gesin deurbring. So het sy Vrydag, 21 Desember 1956, met die Athlone Castle na Londen vertrek (Zerffi Caldecott says ... 1956 : 9).

Haar jong studente was spyt dat hulle van haar afskeid moes neem. Sy het nou vir eens en altyd "afgetree" om haar aan haar kleinkinders en haar skilderwerk toe te wy. Sy het haar intrek geneem by Oliver en sy vrou, Moyra, by Turneyweg 19, Londen. Hy was 'n uitgewer van beroep en verbonde aan Penguin Books, Harmondsworth, Middlesex.

Slegs 'n paar maande na haar vertrek uit Suid-Afrika, het 'n klompie van haar beste vriende, waaronder May Hillhouse en Katrine Harries (1916 - 1978), besluit om 'n retrospektiewe uitstalling van haar werk te reël. Hulle wou hulde bring aan hulle offervaardige vriendin wat nog nooit voorheen die werklike erkenning gekry het wat sy verdien het nie. Die plan is deurgevoer en die tentoonstelling het in April 1957 in die galery van die Suid-Afrikaanse Kunsvereniging plaasgevind (Skilderye deur ... 1957 : katalogus) <sup>38</sup>. Mnr. John Paris, die toenmalige direkteur van die Suid-Afrikaanse Nasionale Kunsmuseum, het hierdie interessante uitstalling geopen. Die tentoonstelling kon as 'n oorsigtelike uitstalling van haar werk in die veertig jaar wat sy in Suid-Afrika was, beskou word.

Teen die einde van 1958 het Zerffi vir die eerste keer oorsee uitgestal. Die uitstalling was getiteld *A Family Affair*. Hierdie uitstalling in die Hammersmith-kunsgallery, Londen, het bestaan uit werke van haarself, pastelle en tekeninge van Oliver, sowel as 'n onvoltooide skildery van Strat, naamlik Goewermentslaan, Kaapstad (*A family ... 1958 : catalogue*). In

1959 het Zerffi by die Coffee House, Northumberland Avenue, Londen uitgestal (Paintings by ... 1959 : catalogue).

Ofskoon sy 'n mate van skildkliermoeilikheid ondervind het, was haar gesondheid origens uitstekend. Hierdie goeie gesondheidstoestand het haar dwarsdeur haar lewe bygebly, slegs met uitsondering van die laaste paar jaar toe dit 'n afname begin toon het, wat wel te begrype is, gelet op die hoe ouderdom waarin sy toe reeds verkeer het.

In Junie 1962 het die gesin met vakansie na Suid-Wallis gegaan. Florence sou daar op die strand gaan skilder en sketse maak. As gevolg van 'n onderwagte en baie skielike koronêre trombose, het sy egter in St. Issells, op 7 Junie 1962 gesterf <sup>39</sup>.

Na haar dood eers het haar werke 'n meer prominente plek by uitstellings in Suid-Afrika begin vind. By die Witwatersrandse Paasskou vanaf 17 Maart tot 23 April 1964 is kunswerke van oor die hele Suid-Afrika en Namibië (die destydse Suidwes-Afrika) deur die Suid-Afrikaanse Kunsvereniging versamel en uitgestal. Met die uitstalling van hierdie skilderye en beeldhouwerke is daarna gestreve om die beste werke van Suid-Afrikaanse kunstenaars wat voor 1919 gebore is, ten toon te stel. Die uitstalling is deur die Rembrandt-groep van maatskappye geborg en die werke is van private eienaars en openbare liggeme verkry. Zerffi is deur een skildery Landskap met wingerde 1918 (Fig. A 1/5) verteenwoordig, geleent deur mnr. L.W. Hiemstra (Uitstalling van ... 1964 : katalogus).

Zerffi was ook verteenwoordig by 'n tentoonstelling van Suid-Afrikaanse kunstenaresse wat gereël was om met 'n kongres van die Suid-Afrikaanse Federasie van Sake- en Beroeps vroue in Kaapstad in 1965 saam te val (Suid-Afrikaanse ... 1965 : katalogus).

'n Gedenktentoonstelling van Zerffi se werke is in die Wolpe-galery, Kaapstad, in April 1965 gehou (Exhibition of ...

1965 : catalogue). May Hillhouse (1965 : speech), wat die uitstalling geopen het, het haar toespraak afgesluit met die woorde: "She was, in fact, one of those people who had never succumbed to the many temptations which beset those of us who are artists, and by which so many artists have been beguiled".

Zerffi was ook in 1966 ingesluit by die uitstalling van blomskilderye wat deur die Nasionale Botaniese Tuine, Kirstenbosch, ter viering van die Republiekfees gereël is (Berman 1970 : 120).

In April 1968 het 'n geskiedkundige uitstalling, met olieverfskilderye, waterverfwerke en pastelle van Zerffi, plaasgevind (Florence Zerffi 1968 : katalogus) <sup>40</sup>. Vir die heel eerste keer is haar werke na haar dood in Transvaal uitgestal. Die tentoonstelling is in die Galery, Johannesburg, geopen deur mej. Nel Erasmus, die destydse kuratrise van die Johannesburgse Munisipale Galery. Alhoewel dit geensins 'n retrospektiewe uitstalling was nie, het dit ten minste aan die Transvaalse publiek getoon watter begaafde kunstenares Zerffi eintlik was. Van haar heel laaste werke wat sy in haar lewe in Londen geskilder het, was op die uitstalling. Hierdie werke is spesiaal vir die uitstalling van Oliver uit Londen verkry.

Daarná het van Zerffi se werke nog sporadies op uitstellings verskyn, maar meestal dan saam met ander kunstenaars. Hierdie uitstellings was ook merendeel geleentheiduitstellings. So byvoorbeeld was sy gereeld verteenwoordig by die uitstellings wat deur die Johannesburgse Kunsgallery self gereël is. Tydens hierdie galery se uitstalling van Suid-Afrikaanse waterverskilderye wat van 5 November tot 1 Desember 1974 en weer van 19 Junie tot 17 Augustus 1975 gehou is, was twee van Zerffi se werke ingesluit. Ander tentoonstellings waar die galery uit sy eie versameling werke gebruik het en waar een of twee van Zerffi se werke ingesluit was, is die Huldigingstentoonstelling in September 1973, Kontemporêre Suid-Afrikaanse Kuns van die Museum se Reserwe Versameling, van

Januarie tot Maart 1975, Suid-Afrikaanse Skool van 21 Januarie 1987 tot 24 Maart 1988, Johannesburgse Kunsgallery-uitstalling, van 21 Junie tot 17 Julie 1988, Gedenktentoonstelling van die Suid-Afrikaanse Nasionale Kunsmuseum in 1982 en weer in 1988 en Suid-Afrikaanse Landskappe, November 1990.

'n Besondere uitstalling is in 1988 deur die Suid-Afrikaanse Nasionale Kunsmuseum georganiseer. Hierdie tentoonstelling het die stigting van die Nuwe Groep herdenk en het aangetoon hoe belangrik die invloed van hierdie groep tussen 1938 en 1954 was (Nuwe Groep 1988 : katalogus). Drie van Zerffi se werke was op hierdie tentoonstelling te sien.

Florence Zerffi was die stille, teruggetrokke persoonlikheid met 'n lang en produktiewe loopbaan. Sy was invloedryk op haar beskeie wyse en het op verskillende terreine haar stempel afgedruk.

**EINDNOTAS**

1. In boeke, artikels en rekords bestaan ernstige verskil oor haar geboortedatum. Die volgende boeke en artikels gee 1882 as die datum aan: Alexander (1962 : 171); Berman (1970 : 340; Meintjes (1963a : 158); Ogilvie (1988 : 766); Van Rensburg (1968 : ?); *Eerste volledige ... 1968 : 4*; *Zerffi se uitstalling is geskiedkundig* (1968 : ?). 'n Gesertifiseerde afskrif van haar geboortesertifikaat wat op 7 Julie 1969 in die registrasiekantoor, Somerset House, Londen, uitgereik is, is verkry. Daaruit blyk egter dat 1883 die korrekte datum is.
2. Die mediese skool van die opleidingshospitaal, genoem St. Mary's, is in 1854 opgerig. Dit was geleë in die subdistrik, Paddington, wat in die begin van die negentiende eeu 'n klein dorpie in die graafskap van Middlesex was. Middlesex was weer geleë in die registrasiedistrik van Kensington. Middlesex is egter later in die groter Londen ingeslurp. Soos wat Londen se grense verander het, het sy periferie verder wes geskuif. Hedendaags is Paddington in die middel van Londen.
3. Volgens Caldecott (1968 : letter) en ***Record of the Caldecott family in South Africa*** (s.a.: 45).
4. Die presiese datum van hierdie verhuisning kon egter nie vasgestel word nie.
5. Grafiese en handelskunstenaar (18.02.1875 - 04.11.1917); sedert 1902 dosent aan die aandskool van die Kunstgewerbemuseum en sedert 1908 leier van die dagklasse vir tekenwerk volgens die natuur; vanaf 1913 professor aan dieselfde inrigting.
6. Besonderhede in verband met haar opleiding aan die Königliche Kunstgewerbeschule deur Zerffi verstrek in 'n ongedateerde dokument deur haarself onderteken. Ontvang van Oliver Caldecott.
7. 'n Duits Boheemse skilder, grafiese en handelskunstenaar (21.07.1870 - 28.09.1932); tussen 1905 en 1932 professor aan die kunsskool van die Kunstgewerbemuseum.
8. Skilder en illustreeder (geb. 15.10.1863); dosent in tekenwerk na 'n lewende naakte model met beweging aan die kunsskool van die Kunstgewerbemuseum vanaf 1901 tot 1927.
9. Duitse portretskilder (28.02.1871 - 21.04.1944); tot 1911 as dosent aan die Kunstgewerbemuseum werksaam.
10. Skilder en tekenaar (geb. 29.10.1855); vanaf 1881 dosent, en vanaf 1889 professor aan die Kunstgewerbemusem.
11. Getuigskrif van prof. Doepler, ontvang van Oliver Caldecott.
12. Volgens eindsertifikaat van Zerffi ontvang van Oliver Caldecott.
13. Die presiese adres waar sy in Rosebank gewoon het, kon nie uit beskikbare bronne vasgestel word nie.
14. Geen inligting oor Zerffi se betrokkenheid by hierdie vereniging kon egter gevind word nie.
15. Tans is daar op die perseel 'n hotel wat uit die ou Shell-gebou herskep is.
16. Vide Hoofstuk 5, p. 299.
17. Vide Hoofstuk 5, p. 335.

18. Vide Hoofstuk 6, p. 388.
19. Vide Hoofstuk 5, p. 257 - 259, 277, 284 - 298.
20. In party boeke en tydskrifartikels is daar verskil oor die datum waarop die betrekking as kuratrise aanvaar is. Heelparty bronne gee die datum as 1921 (Jeppe 1963 : 117; Ogilvie 1988 : 767; Van Rensburg 1968 : ?; Friends show ... 1957 : 7; Cape Town artist ... 1962 : 4; Eerste volledige ... 1968 : 4). Die datum 1922 word weer by ander bronne aangetref (B.M.A. 1953 : 7; Beskeie Suid-Afrikaanse ... 1957 : 2). Die korrekte datum is egter 1923.
21. Vergelyk haar kennismaking met Strat Caldecott, Hoofstuk 1, p. 11.
22. Gegewens volgens huweliksertifikaat, verkry van die Departement van Binnelandse Sake op 13 September 1968.
23. Presies hoe lank hulle hier gewoon het, is onseker. Heelwat korrespondensie van Caldecott is opgeneem in die Staatsargief, Kaapstad, aanwinsno. 848 1/9. In 'n brief (1924a : letter), gedateer 14 Augustus 1924, wat Caldecott aan die S.A. Spoorweë en Hawens gerig het, is sy adres nog die Michaelis-museum. 'n Verdere brief aan hulle is gedateer 14 Februarie 1925 (1925h : letter) en hierin verskyn die adres van Buitekantstraat 81. Op 28 Februarie 1925 (1925i : letter) egter is die afsendingsadres weer die Michaelis-museum en hierin meld Caldecott aan Sir William Hoy, bestuurder van die Spoorweë: "I must excuse myself for not having replied earlier to your letter dated 20 th inst., but which only reached me on the 24 th. My attention was taken up with domestic circumstances, (onder andere is hulle eersteling gebore) and with the taking over of my wife's work at the Michaelis Collection until she shall be able to resume it". Scholtz (1970) maak nie van hulle verblyf in Buitekantstraat melding nie. B.M.A. (1953 : 7) beweer dat die egpaar direk na hulle troue in Buitekantstraat gaan woon het.
24. Brander Wiles het ook in hierdie tyd soortgelyke artikels geskryf oor oorsese kunstenaars, soos Hans Holbein, Ingres en ander kunswetenswaardighede in Suid-Afrika soos die Japanse kuns in Kaapstad en oor Gregoire Boonzaier in *Die Huisgenoot* (1924 : 14; 1924 : 16; 1924 : 24; 1924 : 20).
25. Geboortesertifikaat van Oliver is verkry van die Departement van Binnelandse Sake, Pretoria.
26. Briefwisseling tussen Caldecott en Kol. Stevenson-Hamilton word onder die korrespondensie in die Staatsargief, Kaapstad, bewaar. Zerffi het Kol. Stevenson-Hamilton waarskynlik persoonlik ontmoet, want telkemale het die korrespondente wedersydse groete laat weet en meer bepaald het Kol. Stevenson-Hamilton ook aan Zerffi groete gestuur.
27. Korrespondensie in die Staatsargief, Kaapstad. Die argivaris, mej. L. du Plessis, wat die Caldecott-skenking in 1972 gedokumenteer het, het die volgende gemeld: "Some undated letters written from Worcester have been included since it is known that Caldecott stayed at Worcester from 16 January to February 1926." 'n Brief vanaf die S.A. Spoorweë in Johannesburg is egter aan Caldecott in Worcester op 1 Maart 1926 gerig. Dit is duidelik dat die

- gesin op 6 Maart 1926 terug in Kaapstad was, aangesien Caldecott 'n brief met hierdie datum vanaf die Stadhuis (die Michaelis-museum) aan die Spoorweë geskryf het (1926e : letter).
28. Voor Caldecott se terugkeer na Suid Afrika met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog, en derhalwe lank voor sy huwelik, het hy by die Britse leër angesluit. Hy is in 1915 reeds vanweë sy gesondheid afgemonster. In 1918 het hy in Frankryk in die Franse leër gedien, maar kon nie na die front gaan nie. Sy gesondheid het hom slegs toegelaat om as tolk op te tree en hulp te verleen om burgerlikes (vroue en kinders) na veiligheid te bring.
29. Vide hoofstuk 5, p. 313 - 316.
30. Die volgende bronne beweer dat sy opgehou werk het nadat sy getroud is: Jeppe (1963 : 117); Beskeie Suid-Afrikaanse ... (1957 : 2); Friends show ... (1957 : 7); Cape Town artist ... (1962 : 4); Eerste (1e) volledige ... (1968 : 4); Van Rensburg (1968 : ?). Bronne wat beweer dat sy ná haar troue nog kuratriise was, is die volgende: B.M.A. 1953 : 6 - 7; Van Rooyen 1965 : 4). Volgens die Bax 1967 : 21) was sy kuratriise tot 1928. Ook Scholtz (1970 : 21) staaf hierdie bewering. Ruth Prowse het Zerffi opgevolg as kuratriise en het die pos op 1 Desember 1928 aanvaar.
31. Skryfster het die voorreg gehad om hierdie huisie dikwels gedurende 1967, 1968 en 1992 te besoek. Dit dra nog die naam "Hodie Mihi" en bevat steeds 'n ruim aantal van die kunswerke van Zerffi, almal in die besit van mej. E. Dunt. Die huisie was oorspronklik die stal agter die woonhuis en tans vorm dit deel van Wynberg Village wat as nasionale monument verklaar is.
32. Dr. Skaife het in Claremont gewoon en was wêrelbekende insektekundige en skrywer van verskeie handboeke en romans. Sy vakansiewoning was in Houtbaai waar hy ook later van jare sy navorsing gedoen het.
33. Daar bestaan 'n mate van verskil onder skrywers en in rekords oor die datum van sy afsterwe. Die volgende artikels gee 1928 as die sterftejaar: Beskeie Suid-Afrikaanse kunstenares ... (1957 : 2); Cape Town artist ... (1962 : 4); Zerffi Caldecott says good-bye ... (1956 : 9). Alexander (1962 : 161) gee 1926 as sterftedatum. Scholtz (1970 : 24) verstrek 12 Desember 1929. Skryfster het die verskil van mening opgelos deur die sterftesertifikaat by die Afdeling Geboortes en Sterfgevalle, Departement van Binnelandse Sake, op te vra en buite twyfel vas te stel dat Caldecott se sterftedatum 12 Desember 1929 is.
34. Scholtz (1970 : 24) verwys net na 'n "intieme vriend" wat by die begrafnis teenwoordig was. Volgens dr. S.H. Skaife (1969 : persoonlike mededeling), by sy huis te Houtbaai, was hy die enigste persoon wat Zerffi tydens die begrafnis bygestaan het. Skryfster het op 24 Julie 1969 persoonlik 'n besoek aan die graf gebring.
35. Vir die geskiedenis van die Nuwe Groep en Zerffi se bydrae daarin, vide Hoofstuk 2, p. 54 - 81.

36. Geen gegewens oor watter Moses Kottler-beeldjie dit was, is beskikbaar nie. Wat daarvan, na Zerffi se dood, geword het, is ook onbekend. Ute Ben Yosef (1989 : 17) vermeld slegs dat Zerffi in die besit was van sekere van Kottler se werke wat in brons vir hom gedurende 'n reis na Berlyn gegiet is.
37. Caldecott was 'n persoonlike vriend van Modigliani. Hy skryf in *Die Huisgenoot* (1925e : 25) dat hy Modigliani se laaste verskriklike maande (1920) self aanskou het. Hy vertel egter nie waarvan hy presies ooggetuie was nie, maar moontlik het Caldecott gesien hoe tering en die gebruik van groot hoeveelhede alkohol en verdowingsmiddels, Modigliani se lewe verwoes het. Heelwaarskynlik het Caldecott ook sy begrafnis bygewoon. Toe Caldecott 'n paar jaar later na Suid-Afrika teruggekom het, het hy twee van Modigliani se werke saamgebring. Geen dokumentêre bewys kon gevind word wat van hierdie tekeninge na Zerffi se dood geword het nie.
38. Scholtz (1981 : 12) is nie korrek as hy beweer dat hierdie uitstalling in die Argus-galery plaasgevind het nie.
39. 'n Afskrif van die sterftesertifikaat, gedateer 7 Julie 1969, is uit Wallis vekry, en bevestig die sterfdatum as 7 Junie 1962. Persberigte in Suid-Afrika vermeld foutief 6 Junie 1962 (soos in Cape Town artist ... 1962 : 4) of 8 Junie 1962 (soos in *Cape Times*, 12 Junie 1962.)
40. Skryfster het die voorreg gehad om die opening van die uitstalling by te woon.